# DIE NAVORSINGSMETODE VAN DIE FUNDAMENTELE OPVOEDKUNDE*

J.L. VAN DER WALT, *Dept. Fundamentele Opvoedkunde, PU vir CHO*

*ABSTRACT*

*Fundamental Pedagogics, as one of the group of sciences constituting Education, has its own set of research methods, although investigation of and thought about these do not always seem to be firmly grounded. Such investigation reveals that the inductive, verification of hypothesis method as well as the method of literature study, is a basic method of this discipline. Apart from these well-known methods there are, however, other methods of research which are useful only for Fundamental Pedagogics. Such methods would include the method of reflection about principles where the process of thinking fulfils itself within the framework of regulative principles; the method of the analysis of phenomena as a sub-section of the encompassing method of the empirical study of structure, the transcendental-critical method with its various phases (the immanent, the transcendental, the transcendent and the ehretical) and the problem-historical method. For the Fundamental Pedagogics student all these methods (as far as possible in combination to evade the danger of monism) are useful and important, because they do not only enable him to analyse the phenomenon of education, but also to reflect tellingly on educational events and to describe educational structures, as well as to determine which religion is the driving force behind a specific theory of education and practice of education, and which then functions within that framework.*

## 1. INLEIDING

Die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde verskil in 'n bepaalde mate van die van die ander deelwetenskappe van die Opvoedkunde. Die verskillende deelwetenskappe van die Opvoedkunde maak almal op die een of ander wyse gebruik van die algemene navorsingsmetode,

* Hierdie publikasie vloei voort uit die PU vir CHO-RGN-navorsingsprojek: *Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys*. Finansiële steun deur die RGN vir die navorsing sowel as vir die tegniese versorging van hierdie publikasie word hiermee erken.

** Voordrag gelewer by geleentheid van 'n navorsingseminaar van die Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO, op 10 Junie 1982.

bekend as die hipoteseverifiërende induktiewe navorsingsmetode (De Wet *et al.*, 1981:30 e.v.). 'n Navorser in die Fundamentele Opvoedkunde moet hom dus ten volle op die hoogte stel van die verskillende aspekte van die hipoteseverifiërende induktiewe navorsingsmetode, wat daarop neerkom dat die navorser ten aanvang 'n hipotese of 'n wetenskaplike "raaiskoot" formuleer en dan voortgaan om hierdie hipotese te verifieer en as aanvaarbaar te bewys, of die hipotese te vervals en dus as onaanvaarbaar aan te toon (Stoker, 1961:90 e.v.). Hierdie metode is vir enige wetenskaplike arbeid van grondliggende betekenis.

As gevolg van die besondere aard van die verskillende deelwetenskappe van die Opvoedkunde verskil die verdere aspekte van die navorsingsmetode van hierdie deelwetenskappe onderling nogal taamlik. Die Fundamentele Opvoedkunde is in hierdie opsig geen uitsondering nie. In die res van hierdie uiteensetting word beoog om slegs enkele aspekte van die besondere navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde, soos dit in reformatoriese kringe beoefen word, kortliks te behandel.

## 2. DIE HERMENEUTIESE, STRATEGIESE EN INSTRUMENTELE KANTE VAN DIE NAVORSINGSMETODE VAN DIE FUNDAMENTELE OPVOEDKUNDE

Elders (Van der Walt, 1980:67 e.v.) is reeds enkele van die belangrikste sake rondom en "agter" die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde behandel. Om hierdie rede word hier nou slegs baie kortliks na daardie behandeling verwys.

Ten eerste is aangetoon dat die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde 'n hermeneutiese kant het, dit wil sê dat daar bepaalde sin of betekenis aan die navorsingsmetode of die ondersoekmetode van die Fundamentele Opvoedkunde geheg word. Sonder om die hermeneutiese kant van die Fundamentele Opvoedkunde se metode in besonderhede te behandel word hier slegs daarop gewys dat die hermeneutiese aspek van die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde veral in drie fasette uiteenval, naamlik die transendentaal-empiriese metode, die rol van vooronderstellings by die beoefening van die Fundamentele Opvoedkunde en die rol van die Woord van God (in al sy verkillende vergestaltinge) in die beoefening van die Fundamentele Opvoedkunde as wetenskap.

Die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde vertoon ook 'n tweede faset, naamlik die strategiese. Daarmee word bedoel dat bepaalde

strategieë of "aanvalsplanne", om dit so te stel, in die Fundamentele Opvoedkundenavorsing gebruik word. Van hierdie strategieë word slegs die volgende genoem: begrips- en termontleding, die uitvoering van eksperimente, empiriese waarneming, die fenomeenanalisebenadering, historiese ondersoek, kritiese beoordeling en evaluering van aangebode standpunte, logies-analities deurdenking en deurvraging, praktykverbetering, perseptuele gewaarwording, die Skrifperspektiwiese benadering en die gebruik van verklaringsmodelle as strategieë. Weer eens kan daar nie in besonderhede oor die verskillende strategieë gehandel word nie.

Die derde kant of faset van die metode van die Fundamentele Opvoedkunde as deelwetenskap van die Opvoedkunde is die sogenaamde instrumentele kant. Daarmee word bedoel dat die fundamenteel-opvoedkundige in die loop van sy navorsing bepaalde wetenskaplike instrumente of metodes gebruik. Van hierdie wetenskaplike instrumente of metodes word slegs enkeles genoem, soos sintuiglike wetenskaplike waarneming, definisie, indeling, klassifikasie, deduksie, induksie, analise en sintese, veralgemening en abstrahering, begripsvorming, afleiding, beoordeling, proposisievorming, vergelyking en diskriminasie, sillogismevorming, die hipoteseverifiërende induktiewe metode, probleemoplossing, eksperimentering, teorievorming, logiese redenasie, begryp, verstaan, verklaar, bewysvoering en verifikasie, modelvorming, sistematisering, korrelasie, implikasie, kontrastering, evaluering, eksposisie, toepassing, interpretasie, verbandlegging.

Dit is dus die drie kante van die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde en in 'n sekere sin in 'n groot mate van die ganse Opvoedkunde. Vir die Fundamentele Opvoedkunde as deelwetenskap van die Opvoedkunde is hierdie drie kante, naamlik die hermeneutiese, singewende of vertolkende kant, die strategiese of "benaderings"-kant en die instrumentele of die metodekant, van die navorsingsmetode egter van besondere belang, en dit sal enige navorser in hierdie deelwetenskap van die Opvoedkunde loon om hom baie deeglik op die hoogte te bring van die aard, funksionering en betekenis van hierdie drie kante van die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde.

## 3. ENKELE BESONDERE METODES IN DIE FUNDAMENTELE OPVOEDKUNDE

### *3.1 Oriëntering*

Wat tot dusver gesê is, het hoofsaaklik te make met algemene (meta-) uitsprake

in verband met die navorsingmetode van die Fundamentele Opvoedkunde en van die Opvoedkunde in die algemeen. Daarmee word bedoel dat met hierdie uitsprake 'n groot mate van teoretiese rekenskap van die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde gegee is, maar daarmee is nog nie regtig baie naby gekom aan die presiese en besondere metodes wat in die Fundamentele Opvoedkunde gebruik moet word nie. In die res van hierdie bespreking sal aandag aan enkele van hierdie meer besondere metodes van die Fundamentele Opvoedkunde gegee word.

### 3.2 *Wetenskaplike waarneming*

'n Metode wat aandag verdien, en wat veelal deur fundamenteel-opvoedkundiges gebruik word, is wetenskaplike observasie of waarneming. Verskeie fundamenteel-opvoedkundige gebeurtenisse, handelinge, prosesse, verlope en dies meer kan nie anders as gewoon deur waarneming ontleed word nie. Die fundamenteel-opvoedkundige besef egter dat dit maar een van die metodes is wat in die navorsing gebruik word, en dat hy nie positivisties in die verabsolutering van hierdie metode behoort te verval nie. Waargenome feite is dikwels voorlopige "feite", dit wil sê feite wat nog aan korreksie deur ander metodes onderworpe is. Observasie kan beskryf word as die doelgerigte waarneming van (byvoorbeeld) die opvoedingsverskynsel of (byvoorbeeld) 'n onderwyssituasie om kennis daaroor in te win. Hierdie metode word dikwels deur skrywers as die beginpunt van die wetenskap beskou.

Daar word veral tussen die deelneemobservasie en natuurlike observasie onderskei. In die geval van deelneem-observasie vorm die fundamenteel-opvoedkundige 'n deel van die situasie wat hy besig is om waar te neem. 'n Voorbeeld hiervan is die beoefening van die wetenskap. Indien hy presies wil vasstel wat in die verloop van die wetenskapsproses gebeur, neem die fundamenteel-opvoedkundige daaraan deel, en hy neem algaande waar wat gebeur, en maak noukeurig aantekeninge daaroor. In die geval van natuurlike waarneming of observasie probeer die fundamenteel-opvoedkundige daarteenoor om so ongesiens moontlik waarnemings te maak van dinge wat rondom hom gebeur en waarby hy belang het. Die kerngedagte hierby is dat diegene wat waargeneem word, of die proses wat waargeneem word, nie van hierdie proses van waarneming bewus moet wees, deel daarvan moet vorm of deur die waarneming beïnvloed moet word nie, sodat òf die persone wat waargeneem word, natuurlik en spontaan soos in die alledaagse lewe met hulle optrede voortgaan òf dat die bepaalde proses wat waargeneem word so natuurlik moontlik mag voortgaan (Louw *et al.*, 1982:8

e.v.). 'n Voorbeeld hiervan is die verloop van die opvoedingshandeling. Die fundamenteel-opvoedkundige stel in die verloop van die opvoedingshandeling belang en wil dit so onafhanklik moontlik probeer waarneem.

### *3.3 Introspeksie en retrospeksie as fundamenteel-opvoedkundige navorsingsmetodes*

Hierdie navorsingsmetodes word nie dikwels in die literatuur aangetref as erkende en aanvaarbare metodes van navorsing in die Fundamentele Opvoedkunde nie. Tog skyn hulle metodes te wees wat veelal deur fundamenteel-opvoedkundiges, en deur opvoedkundiges in die algemeen, gebruik word. Introspeksie, byvoorbeeld, het te doen met die mens se vermoë om waar te neem en 'n beskrywing van sy eie persoonlike belewenisse te gee (Louw *et al.*, 1982:7 e.v.). Hierdie metode is belangrik in gevalle waar 'n mens 'n bietjie in die eie geheue of in die eie ervaring gaan delf ten einde verklarings te soek vir sake wat jy wil beskryf. Introspeksie is uit die aard van die saak 'n subjektiewe metode, en daar is geen manier om vas te stel presies hoe betroubaar iemand se beskrywing van sy eie belewenisse is nie. In die geval van retrospeksie as metode is die gevaar van subjektiwiteit nog soveel groter. Die tydsverloop tussen waarneming en beskrywing kan meebring dat iemand nie slegs sommige van sy ervarings en belewenisse vergeet het nie maar ook dat sekere tussentydse ervarings of belewenisse sy beskrywing kan beïnvloed. Dit is in introspeksie sowel as in retrospeksie verder moontlik dat iemand logiese (maar foutiewe) rekonstruksies kan maak en selfs geheuegapings ten opsigte van die belewenis kan aanvul deur van sy verbeelding gebruik te maak en op dié wyse in sy beoefening van die Fundamentele Opvoedkunde noukeurig raak. Introspeksie en retrospeksie as metodes van die Fundamentele Opvoedkunde is dus baie beperk in hulle toepassing, juis vanweë die tekortkoming dat hulle bevindinge nie objektief getoets kan word nie. Daarby veronderstel introspeksie dat die fundamenteel-opvoedkundige navorser die vermoë moet hê om 'n goeie verbale beskrywing te kan gee van dit wat hy introspektief waarneem. Omdat alle mense egter nie hiertoe in staat is nie, kan die metode gevolglik nie deur almal met welslae gebruik word nie.

Hoewel introspeksie dan nie as 'n baie belangrike fundamenteel-opvoedkundige navorsingsmetode beskou word nie, gebeur dit tog wel soms dat 'n mens van hierdie metode gebruik moet maak, veral waar sekere prosesse verklaar moet word. In hierdie verband dink 'n mens aan byvoorbeeld die werking van die stilswyende dimensie as hartstoerusting in die mens se persoonlikheidsmantel, aan die religie as hartsrigting, aan die aard en die

omvang en die werking van die lewens- en wêreldbeskouing in die opvoeding, aan dinge soos voorwetenskaplike kennis, intuïsie of aanvoeling. Al hierdie dinge speel elkeen 'n belangrike rol in die beoefening van die Opvoedkunde en ook in die onderwys en opvoeding, en van hulle moet rekenskap gegee word. Hoewel nie baie betroubaar nie is introspeksie en retrospeksie tog wel metodes wat oorweging behoort te geniet maar wat vanweë hulle subjektiewe inslag spaarsaam gebruik behoort te word.

### *3.4 Fenomeenanalise en die struktuur-empiriese metode*

Fenomeenanalise is ook 'n metode van die Fundamentele Opvoedkunde. Die vertrekpunt by hierdie metode is die sogenaamde ontologiese vraag, die sogenaamde "Wat is?"-vraag. Die vraag is die vertrekpunt van die wetenskap. Die fundamenteel-opvoedkundige gebruik hierdie vraag nogal dikwels in sy ontleding van verskeie verskynsels of fenomene in sy wetensveld. So byvoorbeeld vra hy: "Wat is opvoeding?" of: "Wat is onderwys?" of: "Wat is tug?" en so voort.

Hierdie vraag stuur die proses van fenomeenanalise (of verskynselontleding) van stapel. Dit is die beginpunt van die wetenskaplike ondersoek van die fundamenteel-opvoedkundige. Met hierdie vraag word die verskynsel wat ontleed word — of dit opvoeding of onderwys, of tug, of gesag, die skool is —oopgedek en in sy grondtrekke ontleed. Die ontologiese vraag is dus die eerste of basiese vraag van die Fundamentele Opvoedkunde of, anders gestel, die invalspoort in die opvoedingsverskynsel.

Die metode van verskynselontleding moet nie met die fenomenologiese metode verwar word nie, want laasgenoemde kom neer op 'n bewussynsimmanente reduksieproses van byvoorbeeld die opvoedingsverskynsel. Die fenomeenanalitiese metode is meer 'n empiriese metode en kan met veiligheid deur die Christenopvoedkundige gebruik word. Die ontologiese vraag, wat kenmerkend is van die fenomeenanalitiese metode, maak dit vir die fundamenteel-opvoedkundige moontlik om die opvoedingsverskynsel oopgedek en in sy verskillende onderdele of grondtrekke ontleed te kry.

Die struktuur-empiriese metode is 'n ander metode wat in die Fundamentele Opvoedkunde van besondere belang is en wat 'n noue verwantskap toon met die metode van fenomeenanalise of verskynselontleding. Hierdie metode is waarskynlik die eerste keer deur P.G. Schoeman onder woorde gebring in 'n tydskrifartikel, waarin hy slegs terloops daarna verwys het (Schoeman, 1978:793 e.v.).

Kort saamgevat kom hierdie metode daarop neer dat die fundamenteel opvoedkundige byvoorbeeld die opvoedingsverskynsel empiries probeer waarneem, dit wil sê deur waarneming en deur ervaring probeer begryp, om dan tot 'n beskrywing van die struktuur, of die Goddelike bouplan, daarvan te kom. Daarom staan hierdie metode bekend as die struktuur-empiriese metode. Die metode veronderstel egter dadelik die inskakeling van al die ander metodes wat in hierdie behandeling genoem word. Die struktuur-empiriese metode is dus in 'n sekere sin oorkoepelend en omvattend.

### *3.5 Literatuurondersoek as navorsingsmetode in die Fundamentele Opvoedkunde*

Literatuurondersoek in die Fundamentele Opvoedkunde verskil nie juis van literatuurnavorsing in die algemeen nie. Trouens, in die Fundamentele Opvoedkunde, soos in alle wetenskappe, is die metode van literatuurbeoordeling en literatuurondersoek een van die vernaamstes en verg daarom van die fundamentele-opvoedkundige besondere sorg. Wat in die aglemeen vir literatuurnavorsing geld, geld eweseer vir die Fundamentele Opvoedkunde, en daarom hoef hier slegs aan enkele besondere sake aandag gegee te word. Met inagneming van alles wat hierna in paragraaf 3.9 gesê word in verband met die benadering van die fundamenteel-opvoedkundige by sy beoordeling van teorieë en literatuur wat aan hom gebied word, moet daar nog enkele ander sake oor literatuurondersoek gestel word.

Veronderstel dat 'n mens 'n tema met die oog op 'n meestersverhandeling of 'n doktorsproefskrif geïdentifiseer het. Dan staan jy in die reël voor die vraag: Hoe kan ek literatuur oor hierdie besondere onderwerp bekom, met ander woorde, hoe kom ek as't ware "in die onderwerp in"? 'n Mens kan ook in baie gevalle selfs maande lank in biblioteke rondslinger sonder om werklik vooruitgang te maak.

Enkele praktiese wenke in hierdie verband is die volgende. Vir 'n tema in die Fundamentele Opvoedkunde met 'n ietwat "wysgerige" strekking sou 'n mens as eerste stap 'n ensiklopedie oor die Wysbegeerte in die biblioteek kon gaan raadpleeg. 'n Ensiklopedie oor die Wysbegeerte bevat gewoonlik die belangrikste trefwoorde en die belangrikste gedagtegange in die wysgerige denke. Daarom is dit betreklik maklik om met behulp van so 'n ensiklopedie in die vakgebied of met 'n vakwoordeboek in die navorsingsgebied in te kom. Dit word dus aanbeveel dat die onderwerp, of dan die titel van die proefskrif/verhandeling, woord vir woord ontleed word ten einde presies vas

te stel waaroor die navorsing handel. Daarna kan die navorser na 'n ensiklopedie toe gaan en hierdie trefwoorde die een na die ander naslaan en kyk of hy enigiets aantref wat op sy navorsing betrekking het. Vind hy wel iets, kan dit gebeur dat in die literatuurverwysings in die ensiklopedie daar vir hom soveel navorsingsmoontlikhede oopgemaak word dat sy navorsing van daar af baie goed vlot.

Het die navorsingsonderwerp egter 'n meer opvoedkundige en 'n minder "wysgerige" strekking, kan 'n ensiklopedie oor die Opvoedkunde geraadpleeg word. Hier geld die reël ook weer dat die titel ontleed word en die verskillende trefwoorde in die titel die een na die ander in die opvoedkundige ensiklopedie nageslaan word. Ook hier kan op hierdie wyse koers gekry word in die literatuur.

'n Derde moontlikheid is om 'n gewone ensiklopedie te raadpleeg. 'n Gewone ensiklopedie het dié nadeel dat dit te algemeen is en nie toegespits genoeg vir die doel van die Fundamentele Opvoedkunde nie, maar dit het tog wel die voordeel dat dit die terrein kan oopmaak en enkele fasette van die navorsing verder kan blootlê. Dit kan ook die voordeel hê dat sekere verwysingsbronne en sekere naslaanwerke genoem word.

'n Ander moontlikheid is om in die katalogus van boeke in die biblioteek, boektitels onder die verskillende trefwoorde in die titel van die navorsingsprojek te gaan soek en vas te stel of daar nie boeke daaroor in die biblioteek beskikbaar is nie. Onder geen omstandighede is dit raadsaam om in die rakke self te gaan snuffel nie. 'n Mens vorder so nie na wense in die tyd tot jou beskikking nie.

Indien 'n mens weet van 'n skrywer wat reeds op die betrokke terrein werk gelewer het, kan ook in die katalogus onder die skrywer se naam na verwysingsbronne gesoek word. Indien 'n goeie boek oor die onderwerp gevind is, is 'n mens al 'n hele ent verder, want in die bronnelys van die boek word gewoonlik heelparty werke genoem wat geraadpleeg kan word.

'n Ander metode wat ook gevolg kan word, is om in die verskillende tydskrifindekse te gaan blaai. Hier moet 'n mens 'n bietjie hulp bekom van die biblioteekreferente in die biblioteek self oor presies hoe 'n tydskrifindeks gebruik word. Indien hierdie prosedure eers eenmaal baasgeraak is, gaan daar 'n hele navorsingsgoudmyn vir 'n mens oop.

Bibliografiese werk is al in 'n groot mate vergemaklik deur middel van rekenaarsoektogte. Baie van die tydskrifindekse in die Opvoedkunde is reeds op rekenaar geplaas, en 'n rekenaarsoektog spaar 'n mens baie tyd en lewer besonder goeie resultate.

Die prosedure wat gevolg word, is kortliks die volgende. 'n Mens ontleed die titel van jou verhandeling of proefskrif ten einde die trefwoorde te bekom. Daarna word hierdie trefwoorde die een na die ander in die rekenaar geplaas en gelet op die produk wat gelewer word na 'n soektog na publikasies wat oor daardie bepaalde trefwoorde handel. In die praktyk kom dit dikwels daarop neer dat hierdie trefwoorde met mekaar "gekruis" moet word, sodat die verband tussen twee van hierdie trefwoorde deur die rekenaar gesoek word. Tydskrifartikels wat met die verband tussen pare trefwoorde te make het, word op hierdie wyse bekom en kan vervolgens geraadpleeg word.

'n Ander baie belangrike opmerking in verband met literatuurondersoek in die Fundamentele Opvoedkunde moet nog gemaak word. Baie navorsers in die Fundamentele Opvoedkunde fouteer dikwels deur hoofsaaklik sekondêre bronne te raadpleeg. Daarmee word bedoel dat bloot gerapporteer word wat 'n ander navorser reeds in sy boek oor 'n derde persoon te sê het, in plaas daarvan dat teruggekeer word na die primêre bron, dit wil sê na die persoon toe wat in eerste instansie die gedagte uitgespreek het. So byvoorbeeld is dit vandag feitlik algemene kennis dat James Olthuis (Olthuis, 1976) van Kanada die Woord van God in 'n breër konteks probeer sien as bloot die Skrifgeworde Woord van God. Hy is van oordeel dat die Woord van God nie net die Skrifgeworde Woord is nie maar ook die Skeppingswoord, die voorsienigheidswoord, die Skrifgeworde woord ook en dan die Vleesgeworde Woord (wat Jesus Christus self is). Nou deug dit nie om allerhande ander skrywers aan te haal wat met hierdie gedagte werk, (soos Duvenage of Heyns) nie, maar 'n mens moet terugkeer na Olthuis self om aan hom die krediet vir hierdie beskouing te kan gee.

Ten tweede is dit egter beslis belangrik om ook hierdie sekondêre skrywers te raadpleeg ten einde te sien watter nuwe perspektiewe hulle open, en watter nuwe ontwikkelinge hulle op die gedagtes van Olthuis self voorstel. 'n Goue reël is dus om sover moontlik met primêre bronne te werk. Veronderstel dat 'n mens die opvoedingsteorie van John Dewey, die Amerikaanse pragmatis, wil ontleed en evalueer. Dan sou die kortpad wees om byvoorbeeld 'n boek van R.S. Peters (Peters *et al.*, 1977), wat reeds die werk van Dewey in 'n groot mate onder die knie het en dit reeds goed beskryf en geëvalueer het,

te raadpleeg. Dit is egter nie fundamenteel-opvoedkundig wetenskaplik verantwoord nie. Wie oor John Dewey wil werk, moet die boeke van John Dewey self raadpleeg.

### *3.6 Die "prinsipieel besinnende" metode*

Die "prinsipieel besinnende" metode is nie 'n algemeen aanvaarde metode nie, en dit val trouens vreemd op die oor om te hoor dat daar van 'n "prinsipieel besinnende" metode gepraat word. Daarom is dit nodig om kortliks te verduidelik wat met die term bedoel word. Die "prinsipieel besinnende" metode is naamlik 'n metode waarvolgens deur prosesse van besinning en herbedinking tot sekere fundamenteel-opvoedkundige oortuigings gekom word. Die dilemma van die Fundamentele Opvoedkunde is dat al sy bevindings nie sonder meer empiries getoets kan word nie, waarmee bedoel word dat, as 'n mens 'n prinsipiële stelling, 'n beginseluitspraak, sou maak, sodanige uitspraak nie sonder meer op die een of ander wyse empiries, deur waarneming of deur middel van 'n eksperiment, getoets kan word nie. Die "prinsipieel besinnende" metode is by uitstek 'n metode wat gebruik kan word om hierdie "probleem" van die Fundamentele Opvoedkunde die hoof te bied.

Vir baie mense, ook in Suid-Afrika, is die Fundamentele Opvoedkunde nie 'n volwaardige wetenskap nie, juis vanweë die feit dat dit nie met empiriese, positiewe of tasbare materiaal werk soos byvoorbeeld die taal wat ontleed kan word of "feite" wat onomstootlik bestaan en na bewering met waarnemings of met eksperimente werk bewys kan word nie. Die Fundamentele Opvoedkunde is vir sulke mense dan 'n bietjie "wollerig", nie 'n volwaardige wetenskap in byvoorbeeld die natuurwetenskaplike sin van die woord nie.

Die sogenaamde "prinsipieel besinnende" metode word benut om hierdie soort kritiek die hoof te bied. Gereguleer en gelei deur die hermeneutiese kant, aspek of faset van die fundamenteel-opvoedkundige navorsing, word daar sekere uitsprake gemaak, sekere stellings geponeer, en omdat hierdie stellings nie in die reël empiries bewysbaar of verifieerbaar is nie, gaan die fundamenteel-opvoedkundige dan soos volg te werk: Op grond van sy oortuigings, sy vooronderstellings en vertrekpunte, in die geval van die Skrifmatige beoefening van die Fundamentele Opvoedkunde veral, poneer hy dan stellings wat op een of ander wyse regstreeks verband hou met hierdie voor- en bo-teoretiese sake wat so pas genoem is en wat veral verband hou met die ewige waarhede wat God in sy Woord in al sy fasette aan ons geopenbaar

het. Hierdie stellings of uitlatings van die fundamenteel-opvoedkundige is nie gewoonweg empiries aan die werklikheid toetsbaar nie maar kan die toets van die Skrif, die lig van die Skrif verdra. Deur besinning oor en deur herbedinking van bepaalde fasette van die werklikheid, van bepaalde vraagstukke van fundamenteel-opvoedkundige belang kom die fundamenteel-opvoedkundige uiteindelik tot 'n slotsom, tot 'n eie standpunt, tot 'n eie beskouing oor die opvoedkundige vraagstuk onder bespreking, en hierdie eie standpunt, hierdie eie gevolgtrekking word dan in woorde gegiet en dien as 'n geldige uitspraak van die Fundamentele Opvoedkunde wat in die lig van die Skrif beoefen is.

Die sogenaamde prinsipieel besinnende metode is dus nie-empiries, moeilik te beheers en stel besondere eise en uitdagings aan die beoefenaar van die Fundamentele Opvoedkunde.

### *3.7 Intersubjektiewe gesprek of kontrole*

'n Ander besondere metode van die Fundamentele Opvoedkunde is die sogenaamde intersubjektiewe gesprek of kontrole. Wanneer die fundamenteel-opvoedkundige op grond van die prinsipieel besinnende metode, tot bepaalde oortuigings en gevolgtrekkings gekom het, kan hy hierdie gevolgtrekkings aan ander opvoedkundiges voorlê met die oog op 'n intersubjektiewe kontrole of toetsing van dit wat hy bevind het. Daarmee word veronderstel dat hy òf sy gevolgtrekkings en bevindings by wyse van 'n navorsingsverslag publiseer en ander opvoedkundiges en belangstellendes in die onderwys en opvoeding nooi om kommentaar en kritiek daarop te lewer. Op hierdie wyse kan getoets word of die gevolgtrekkings wat gemaak is in die loop van die beoefening van die Fundamentele Opvoedkunde wat tot sodanige navorsingsverslag gelei het, wel geldig is al dan nie.

Intersubjektiewe kontrole hoef natuurlik nie slegs by wyse van publikasies plaas te vind nie. Opvoedkundiges belê by geleentheid konferensies en/of kongresse waar hulle hulle onderskeie standpunte as't ware op die tafel plaas en vir bespreking oopstel. Meningsverskille dui òf op die moontlikheid dat sommige gevolgtrekkings nie geldig is nie òf op die moontlikheid dat die voor- en bo-teoretiese oortuigings van die verskillende opvoedkundiges sodanig van mekaar verskil dat een opvoedkundige se gevolgtrekkings op die terrein van die Fundamentele Opvoedkunde bloot op prinsipiële gronde nie vir 'n ander aanvaarbaar is nie.

Ook hierdie metode lewer 'n hele aantal probleme. Dit sou onaanvaarbaar en inderdaad onwetenskaplik wees om van die standpunt uit te gaan dat intersubjektiewe kontrole van navorsingsbevindings in die Fundamentele Opvoed-

kundige noodwendig en finaal die geldigheid van bevindings in die Fundamentele Opvoedkunde bewys. Konsensus of 'n "koppetellery" in die Fundamentele Opvoedkunde kan nooit as 'n metode van verifikasie van oortuigings of bevindinge deug nie. Die paradysverhaal is alreeds vir die fundamentele opvoedkundige 'n waarskuwende vingerwysing: hoewel Adam en Eva en die slang in die paradys "konsensus" bereik het oor die eet van die verbode vrug, het die straf op die sonde daarna gekom as 'n bewys daarvan dat "konsensus" nog lank nie 'n waarborg van geldigheid of van "die waarheid" is nie. Dit deug dus nie om in die Fundamentele Opvoedkunde 'n beroep te doen op die oortuigings en die gevolgtrekkings van die meerderheid opvoedkundiges in 'n bepaalde land of selfs in die wêreld nie. Met die metode van intersubjektiewe verifikasie of kontrole moet dus met groot omsigtigheid te werk gegaan word, anders kan 'n mens in hierdie strik trap.

### *3.8 Die "probleemhistoriese metode"*

Hierdie metode is nie, streng gesproke, 'n fundamenteel-opvoedkundige metode nie (Van der Walt, 1978:5 e.v.) maar het soveel waarde vir die beoefening van die fundamenteel-opvoedkundige dat daaraan ook kortliks aandag geskenk moet word.

Ten eerste moet dit duidelik verstaan word dat die fundamenteel-opvoedkundige hom in die reël nie met historiese vraagstukke besig hou nie; dit is die besondere terrein van die Temporele of Historiese Opvoedkunde. Dit is egter so dat die Fundamentele Opvoedkunde nie deeglik beoefen kan word as daar nie ook kortliks op die historiese aanloop van 'n bepaalde fundamenteel-opvoedkundige probleem gelet word nie. 'n Enkele voorbeeld sal hierdie saak verduidelik. Veronderstel dat 'n mens in die Neo-Marxistiese opvoedkundedenke van die Twintigste eeu die spanning tussen aan die een kant die natuurpool en aan die ander kant die vryheidpool wil nagaan. Dit sou onmoontlik wees, indien nie selfs onwetenskaplik nie, om die historiese aanloop tot hierdie hedendaagse probleem by die Neo-Marxiste buite rekening te laat. Daarom gaan die fundamenteel-opvoedkundige soos volg te werk: Hy gee kortliks aandag aan die historiese verloop van gebeurtenisse en omstandighede wat tot die probleem waarmee hy in die hedendaagse Opvoedkunde worstel, aanleiding gegee het. Hierdie agtergrond is vir hom onontbeerlik ten einde die presiese kontoere van die hedendaagse probleem behoorlik te kan raaksien. Daarom benut hy die sogenaamde probleemhistoriese metode, wat daarop neerkom dat die

fundamenteel-opvoedkundige die probleem in die eietydse opvoedingsteorie waarmee hy aan die worstel is, identifiseer en die probleem dan ook in sy bepaalde historiese konteks probeer raaksien. Soveel moontlik inligting oor die probleem, ook historiese en biografiese inligting, word bekom ten einde die probleem in die regte perspektiewe vir die navorsing te stel. Wanneer dit gedoen is, kan die fundamenteel-opvoedkundige voortgaan en die probleem as sodanig in sy verskillende fasette as eietydse probleem ontleed.

Die "probleemhistoriese" benadering van die probleem het die bykomstige voordeel dat dit onmiddellik die vraagstuk in 'n bepaalde verhouding plaas, naamlik in die verhouding tot God. Wanneer 'n bepaalde opvoedingsteoretiese probleem in die twintigste-eeuse opvoedkunde behandel word, is een van die eerste vrae wat gestel moet word: Wat is die verhouding van die voorstanders van hierdie teorie tot die ware God? Die antwoord op hierdie vraag plaas al klaar die probleem in 'n bepaalde perspektief, sodat 'n mens kan bepaal waar hierdie probleem sy ontstaan het en hoedat dit hom in die Fundamentele Opvoedkunde manifesteer of uiteindelik selfs gaan wreek.

Die fundamenteel-opvoedkundige moet hom egter by die toepassing van die "probleemhistoriese metode" in sy navorsing daarvan weerhou om op die terrein van die Temporele Opvoedkunde te oortree maar kan nie die aanloop van die probleem in die verlede sonder meer buite rekening laat nie.

### *3.9 Die kritiese houding van die fundamenteel-opvoedkundige*

#### *3.9.1 Oriëntering*

Die fundamenteel-opvoedkundige staan as't ware op die mure van die stad van die Opvoedkunde. Hy is die wagter wat die invallers, die aanvallers en die aanstormers op die Opvoedkunde, veral die Skrifinatige of Skrifuurlike Opvoedkunde, moet inwag, identifiseer en selfs beveg. Daarom is die Fundamentele Opvoedkunde by uitstel die deelwetenskap van die Opvoedkunde wat hom met die prinsipiële evaluering van aangebode teorieë besig hou. Met hierdie uitspraak is 'n baie belangrike moment van die navorsingswerk van die fundamenteel-opvoedkundige blootgelê. Die fundamenteel-opvoedkundige moet 'n bepaalde kritiese instelling besit teenoor teorieë wat in die Opvoedkunde aangebied word.

Die teorieë kom langs verskillende weë onder die aandag van die fundamenteel-opvoedkundige, en wanneer hy tot die slotsom kom of tot die oortuiging geraak dat hierdie of daardie teorie vir die ganse Opvoedkunde op Skriftuurlike grondslag 'n bedreiging of bepaalde moontlikhede inhou, moet hy so 'n teorie baie nader onder oë sien en evalueer. Daarom moet die opvoedkundige dan die teorie ontleed en indien nodig aan die kaak stel, of, indien moontlik, moet sekere van die elemente van sodanige aangebode teorie in die eie standpunt opgeneem word nadat dit van die vervalsings van die oorspronklike teoretikus gesuiwer is.

Vir hierdie doeleindes bestaan daar enkele navorsingsmetodes tot die fundamenteel-opvoedkundige se beskikking.

*3.9.2 Die transendentaal-kritiese fase*

Ten eerste moet vasgestel word, ook aan die hand van die probleem-historiese metode" (wat pas hierbo behandel is), wat die religieuse grondmotief van 'n teorie is, en dit word hoofsaaklik met die transendentaal-kritiese metode gedoen (Strauss, 1978:1). Die transendentaal-kritiese metode is 'n metode waarvolgens uiteindelik antwoorde verkry word oor die religie van die teoretikus met wie 'n mens in gesprek verkeer. Die vrae wat al gaande gestel word, lei daartoe dat 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat so iemand óf anastaties ten opsigte van God staan, dit wil sê op God gerig, of in 'n apostatiese verhouding met God staan, dit wil sê sy hart is in die afval gerig. Dit is hoegenaamd nie 'n eenvoudige prosedure om tot so 'n gevolgtrekking te kom nie, en behoorlike ontleding van 'n bepaalde teorie is nodig alvorens dit kan gebeur.

Met die transendentaal-kritiese metode kan dus bepaal word watter spesifieke religieuse grondmotief in 'n bepaalde teorie werksaam is. Van hierdie grondmotiewe is daar veral vier in die loop van die geskiedenis blootgelê (Schoeman, 1975:19 e.v.), naamlik die vorm-materiegrondmotief (wat ons *vandag* nog in die Opvoedkunde ken), die natuur-genadegrondmotief (wat ook nog vandag in sy Opvoedkunde sy aanhangers het), die natuurvryheidgrondmotief (wat juis die vernaamste grondmotief van die twintigste-eeuse opvoedkundedenke is) en die grondmotief bekend as die skepping-sondeval-verlossinggrondmotief, wat veral in Skriftuurlike opvoedkundige kringe die dryfkrag is. Hierdie vier grondmotiewe is reeds deur navorsing blootgelê, maar dit spreek vanself dat alle opvoedkundige denke nie noodwendig binne die kaders van hierdie grondmotiewe sal ressorteer nie.

Om dan saam te vat: Met die transendentaal-kritiese metode word bepaal wat die religieuse groundhouding van 'n bepaalde teoretikus is in die beoefening van sy wetenskap, *i.c* Opvoedkunde.

### *3.9.3 Die transendentale fase*

Dan is daar die tweede fase van die kritiese benadering van die fundamenteel-opvoedkundige, naamlik die transendente, waartydens die fundamenteel-opvoedkundige sy eie standpunt probeer stel ten opsigte van die sake waaroor die teorie waarmee hy gekonfronteer is, handel. Veronderstel dat die teorie waarmee hy werk, 'n naturalistiese opvoedingsteorie is, soos byvoorbeeld die van J.-J. Rousseau. Dan sal die fundamenteel-opvoedkundige nie slegs met behulp van die transendentaal-kritiese metode probeer bepaal wat die religieuse grondmotief daarvan is nie, maar hy sal ook, ná die identifisering van die grondmotief daarvan, probeer om 'n eie Skriftuurlik verantwoorde standpunt ten opsigte van die problematiek van die teorie aan te bied. Dit beteken dat hy as't ware vanuit 'n Skriftuurlike standpunt met hierdie naturalistiese (of wat ook al) teorie in gesprek tree. Dit is waarskynlik die moeilikste stadium van die hele beoordeling van 'n teorie, want daartydens moet 'n mens die eie standpunt op 'n verantwoorde wyse stel.

### *3.9.4 Immanente kritiek*

'n Derde fase van die kritiese benadering van die opvoedkundige is die immanente kritiek. Daarmee word bedoel dat fundmenteel-opvoedkundiges (en ander opvoedkundiges) hulle dikwels in hulle woordgebruik en in hulle argumentasies weerspreek, ontrou is aan hulle eie argumente of hulle eie vooronderstellings. Met behulp van die immanente kritiek word sulke inkonsekwenthede, onlogiese stellings, innerlike teenstrydighede en ander foute wat die opvoedkundige in sy denke maak, blootgelê en aan die kaak gestel. Dit beteken dat 'n mens enige teks, enige teorie waarmee jy te doen kry, baie noukeurig met 'n potlood moet lees ten einde vas te stel of al die argumente wat aangebied word, gangbaar is en nie vol inkonsekwenthede is nie. Dit is dus een van die take van die fundamenteel-opvoedkundige om baie noulettend te lees.

### *3.9.5 Eksheretiese kritiek*

'n Vierde faset van die kritiese houding van die opvoedkundige is die sogenaamde eksheretiese kritiek. Daarmee word bedoel dat, nadat die

vorige drie kritiese fases afgehandel is en die teorie ten opsigte van sy religieuse grondmotief en in teenstelling met die eie Skriftuurlike standpunt geplaas is en inkonsekwenthede binne-in die teorie ontmasker is, daar gevra word na die moontlikhede wat in hierdie aangebode teorie opgesluit lê vir die ontwikkeling van die eie fundamentele opvoedkunde. Kan daar nie dalk iets in hierdie teorie steek, al is die teorie op sigself onaanvaarbaar, wat 'n mens tog in die eie teorievorming kan gebruik nie? Geen teorie is op sigself geheel en al vals nie; elke teorie bevat elemente van die waarheid. Elke teorie werk as't ware met God se Skeppings- en Voorsienigheidswoord, al ken elke teorie nie God se Skrifgeworde Woord nie.

## 4. TEN SLOTTE

Met hierdie kort uiteensetting is gepoog om enkele van die belangrikste navorsingsmetodes wat deur die reformatoriese fundamenteel-opvoedkundige gebruik word, te omlyn en kortliks te bespreek. Die oorsig is baie sketsmatig en daarom onbevredigend maar kan dien as 'n basis vir verdere gesprek. 'n Belangrike saak moet egter in hierdie stadium onderstreep word, naamlik dat die fundamenteel-opvoedkundige wat hom op skriftuurlike grondslag stel, hom ten enemale nie daarmee kan versoen om slegs een wetenskaplike metode te gebruik nie, aangesien hy van oordeel is dat die opvoedingsverskynsel — om maar een van die sake te noem waarmee die fundamenteel-opvoedkundige hom besig hou — veelkantig en baie gekompliseerd is. Een navorsingsmetode sal dus nie aan die fundamenteel-opvoedkundige voldoende insig in die aard en die struktuur (bouplan) van hierdie verskynsel verskaf nie.

Buitendien is die verabsolutering van een wetenskaplike metode niks minder nie as 'n vorm van metodemonisme wat 'n onewewigtigheid in die navorsingsmetodologie van die fundamenteel-opvoedkundige tot gevolg kan hê. Soveel moontlik navorsingsmetodes word dus in die Fundamentele Opvoedkunde gebruik, juis met die oog daarop dat hierdie verskillende metodes vir mekaar as korrektiewe kan optree en mekaar kan aanvul. Op hierdie wyse, so word vertrou, word 'n taamlik volledige prentjie van die verskynsel wat ontleed word, verkry, word die verskynsel van verskillende kante beskou en kan die verskynsel soveel te beter begryp word. Dit spreek vanself dat die fundamenteel-opvoedkundige wat hom op Skriftuurlike grondslag stel, altyd hierdie verskynselontleding, waarneming, literatuurondersoek en dies meer sal probeer doen in die lig van die insiggewende perspektiewe van die Skrifgeworde Woord as die Woord van God.

Daarby moet dit ook gekonstateer word dat die fundamenteel-opvoedkundige wat hom op hierdie grondslag stel, ook sover moontlik probeer luister na die Skeppingswoord van God en na die Voorsienigheidswoord van God en natuurlik ook na die Vleesgeworde Woord van God, Jesus Christus self. Slegs langs hierdie weg, langs die weg van 'n vol-ronde benadering van die opvoedingsverskynsel as Godgeskape gegewene in die menslike leefwêreld, kan die fundamenteel-opvoedkundige werklik tot insig van die opvoedingsverskynsel kom.

BIBLIOGRAFIE

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., VENTER, P.A. & STEYN, H.S. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. Durban: Butterworth.

LOUW, D.A. *red.* 1982. Inleiding tot die Psigologie. Johannesburg : Mc Graw-Hill.

PETERS, R.S. *red.* 1977. John Dewey reconsidered. London : Routledge & Kegan Paul.

SCHOEMAN, P.G. 1975. Grondslae en implikasies van 'n Christelike opvoedingsfilosofie. Bloemfontein : SACUM.

SCHOEMAN, P.G. 1978. Elementêre grondbegrippe van die pedagogiek. *Fokus* 6(3) : 793-817. Augustus.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metode in die wetenskap. Potchefstroom : Pro Rege.

STRAUSS, D.F.M. 1978. Inleiding: immanente kritiek, transendentale kritiek en transendente kritiek. *In* STRAUSS, D.F.M., SMIT, J.H. & SCHOEMAN, P.G. Kompendium vir studente in die wysbegeerte en die wysgerige pedagogiek. Deel 1. Durban : Butterworth: 1-10.

VAN DER WALT, B.J. 1978. Heartbeat. Taking the pulse of our Christian theological and philosophical heritage. Potchefstroom, Potchefstroom University ("Wetenskaplike bydraes" of the PU for CHE. Series F. Institute for the Advancement of Calvinism.)

VAN DER WALT, J.L. 1980. Opvoedkunde as lewende wetenskap. Durban : Butterworth.